higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 4

7 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
1.1.1 Verenigde State van Amerika
1.1.2 Lughawemaatskappy van Suid-Afrika
1.1.3 O.R. Tambo Internasionale Lughawe
1.1.4 Internasionale Burgerlugvaartorganisasie
1.1.5 Internasionale Krieketraad
1.1.6 Internasionale Lugvervoervereniging
1.1.7 Wêreldspitsberaad oor Volhoubare Ontwikkeling
1.1.8 Europese Unie
1.1.9 Algemene verkoopsagent
1.1.10 Belasting op toegevoegde waarde

(10 × 1) (10)

1.2
- Restaurante
- BBP-sitkamers
- Kleinhandelwinkels
- Toiletgeriewe
- Motorhuurkantore
- Inligtingstalletjies
- Bankgeriewe
- Apteke en mediese geriewe (Enige 8 × 1) (8)

1.3
- Brande
- Vloede
- Aardbewings
- Orkane
- Tornado's (Enige 3 × 1) (3)

1.4 1.4.1 Sakevisum (1)

1.4.2
- Paspoort
- Rondvaartvliegkaartjie
- Reisplan met datums en vlugnommers
- Bewys van voldoende fondse vir duur van verblyf
- Bevestigde hotelbespreking
- Amptelike sakebrief
- Bewys van indiensname
- Persoonlike onderhoud (indien vereis)
- Bank- en kredietstate vir drie maande (Enige 9 × 1) (9)

1.4.3
- Departement van Binnelandse Sake
- Ambassade (2)

1.4.4
- Dit is 'n sake-noodgeval, dus kan dr Sooraj binne een dag om 'n visum aansoek doen en dit ontvang.
- Hy moet die konsulaat of ambassade skakel en oor die situasie inlig voordat hy vertrek.
- Hulle sal bewys van die noodgeval benodig. (3)

Kopiereg voorbehou

1.4.5
- Identifikasiekaarte
- Reissertifikate
- Militêre identifikasiekaarte
- Mariniers-ontslagboeke
- Spesiale beëdigde verklarings
- Vlugtelingreisdokumente (Enige 4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Sun International se Table Bay Hotel in Kaapstad (1)

2.1.2 Skoonheidswedstryd (1)

2.1.3
- Die luukse vyfsterhotel is die verpersoonliking van grasie, elegansie en statigheid.
- Die V&A Waterfront se asemrowende uitsig oor Tafelberg, die stad, Tafelbaai en Robbeneiland verseker dat dit een van die gewildste bestemmings in Afrika is. (2)

2.1.4
- Weens die Covid-19-pandemie word sulke geleenthede as superverspreiders geklassifiseer.
- Slegs ’n beperkte aantal mense word toegelaat om die geleentheid by te woon.
- Dit is om hierdie rede dat die geleentheid by die hotel aangebied is en nie in ’n reuselokaal nie. Die res van die Suid-Afrikaners en ander internasionale belanghebbendes kan die geleentheid op geïdentifiseerde mediakanale regstreeks stroom. (4)

2.1.5
- Bywoning
- Wins
- Blootstelling
- Genieting (4)

2.2 2.2.1
- Hierdie wet is daarop gerig om risiko te minimaliseer en te voorkom dat rampe by geleenthede plaasvind.
- Dit vereis dat ’n gevaar- en risiko-ontleding vir elke geleentheid onderneem moet word
- om moontlike tipes potensiële rampe by die geleentheid asook in die nabyheid van die lokaal te identifiseer wat ’n uitwerking op die geleentheid kan hê.
- Dit sluit in die identifisering van alle potensiële rolspelers wie se hulp ingeroep moet word indien enige van die potensiële rampe plaasvind en die formulering van planne ingeval van noodgevalle. (Enige 2 × 2) (4)

2.2.2
- Die doel van hierdie wet is om te verseker dat werksomgewings, persele en lokale waartoe die publiek toegang het, veilig en gesond gehou word, en (4)

- om ’n werksomgewing te voorkom wat omliggende eiendomme en mense kan benadeel of skade kan berokken. (2 × 2)

2.3
- Aard en tipe geleentheid
- Tyd van die jaar
- Tyd van die dag
- Aantal mense
- Spesiale behoeftes
- Veiligheid en sekuriteit
- Kliënt se beskikbare begroting
- Kapasiteit van die lokaal
- Beskikbare fasiliteite by die lokaal (Enige 4 × 1) (4)

2.4 2.4.1 FNB Stadium/ Ellis Park-stadion/ ODI-stadion.
(Enige toepaslike 1 × 1)
- Dit is ruim genoeg om alle toeskouers en atlete te akkommodeer.
- Dit kan per openbare vervoer bereik word.
(Enige toepaslike 2 × 1)

2.4.2 Soccer City (Enige toepaslike 1 × 1)
- Die stadion is groot genoeg om ’n groot aantal ondersteuners te akkommodeer en daar is parkeergeriewe.
- Ondersteuners wat openbare vervoer gebruik, kan dit maklik bereik. (Enige toepaslike 2 × 1)

2.4.3 Kyalami (Enige toepaslike 1 × 1)
- Dit is algemeen bekend vir motorresies.
- Baan kan vir uiteenlopende tipes renne gebruik word.
(Enige toepaslike 2 × 1)

2.4.4 Wanderers Krieketstadion (Enige toepaslike 1 × 1)
- Dit is groot en imposant genoeg om ’n geleentheid van hierdie aard aan te bied.
- Dit kan ’n groot skare akkommodeer. (Enige toepaslike 2 × 1)
(4 × 3) (12)

2.5
- Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Konferensiebedryf
- Toerismebedryfsraad van Suid-Afrika
- Federasie van Suid-Afrikaanse Byeenkomstebedryf
- Suid-Afrikaanse Uitstallingsvereniging (4)

[40]

VRAAG 3

3.1
3.1.1 Waar
3.1.2 Onwaar
3.1.3 Onwaar
3.1.4 Waar
3.1.5 Waar
3.1.6 Waar
3.1.7 Onwaar
3.1.8 Onwaar

3.1.9 Waar
3.1.10 Waar (10 × 1) (10)

3.2 3.2.1 ’n Paramedikus is iemand wat opgelei is om mense by te staan wat beseer is of om mediese werk te verrig, maar wat nie ’n dokter of verpleër is nie. (2)

3.2.2 Mediese behandeling en medikasie behoort gegee te word deur beroepslui op die mediese gebied. Bystand wat verleen word deur iemand wat nie ’n mediese beroepspersoon is nie, kan verreikende gevolge inhou. Dit kan die besering vererger of permanente skade of selfs dood veroorsaak. (Enige 2 × 2) (4)

3.2.3
- Dokters
- Paramedici
- Gekwalifiseerde noodhulpbeamptes
- Verpleërs/verpleegsters (4)

3.2.4 Uiterste sorg moet aan die dag gelê word om te verseker dat maksimum veiligheidsregulasies nagekom word. Beskermende kleredrag minimaliseer die risiko van besering of skade terwyl mense aan gevaarhoudende avontuuraktiwiteite deelneem. (2)

3.3 3.3.1
- Moegheid verminder konsentrasie en die vermoë om vinnig te reageer.
- Moegheid beïnvloed ook die bestuurder se vermoë om in ’n krisis ’n rasionele besluit te neem.
- ’n Moeë bestuurder het ’n groter risiko om in ’n ongeluk betrokke te wees as ’n bestuurder wat vars en helder wakker is.
- Deur te rus en bestuurders af te wissel, word verseker dat bestuurders wakker en waaksaam is en in staat is om op moontlike gevaarsituasies te reageer.

(Enige 2 × 1) (2)

3.3.2
- Stop by ’n rusarea langs die pad.
- As dit donker is, vind ’n verligte area om te parkeer.
- Maak seker jy asem vars lug in, maar verseker ook dat die vensters toe genoeg is om toegang van buite te verhoed.
- Sluit alle deure.
- Skakel parkeerligte aan en skakel ander elektriese toerusting af.
- Nadat jy gerus het, klim uit die voertuig en stap vir ’n paar minute om seker te maak jy is heeltemal wakkeer voordat jy weer bestuur. (6)

3.3.3
- Bestuurder gaap aanhoudend.
- Sy/haar reaksies raak stadiger.
- Sy/haar liggaam voel styf.
- Sy/haar oë voel swaar.
- Hy/sy kom agter day hy/sy dagdroom.
- Voertuig beweeg oor die middellyn of na kant van die pad

(Enige 6 × 1) (6)

3.3.4
- Moet nie die diere voer nie.
- Moet nie die diere terg nie.
- Geen diere mag in die park of reservaat ingebring of uitgeneem word nie.
- Geen diere mag gejag, gejaag, gevang of doodgemaak word nie.

- Besoekers moet nooit hul voertuie verlaat nie, tensy dit by ’n geïdentifiseerde piekniekplek of kampgebied is.
- Moet nie rommel strooi nie.
- Moet nie sigaretstompies in die veld gooi nie.
- Moet nooit ’n vuur sonder toesig laat nie.
- Geen vuurwapens nie.
- Geen troeteldiere nie.
- Hou by snelheidsgrense op die pad.
- Besoekers mag nie vuurmaakhout in die veld versamel nie.
- Moet nie enige plantmateriaal uit die veld verwyder nie.
- Moet nie die paaie verlaat en deur die veld ry nie. (Enige 4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 4

4.1
- Verskaf reisinligting oor verskillende produkte, insluitend bestemmings, lugreisgeld, visumvereistes, ens.
- Doen besprekings namens kliënte.
- Reik reisdokumente soos kaartjies en hotelbewyse uit.
- Adviseer kliënte en gee wenke oor gesondheid en veiligheid.
- Adviseer potensiële toeriste.
- Stel reisprogramme op.
- Bereken tariewe.
- Hou lêers met besprekings by, vertoon reisbrosjures en sorg dat inligting resent is.
- Verleen hulp met aansoeke om reisdokumentasie.
- Onderhandel met prinsipale in die geval van kliënteklagtes. (6)

4.2 4.2.1 Organiseer toerpakkette van ander lande na ’n spesifieke land. Byvoorbeeld, ’n maatskappy wat reise na Suid-Afrika vir Europese besoekers reël. (Enige 1 × 2) (2)

4.2.2 Organiseer toerpakkette vir Suid-Afrikaners om buitelandse bestemmings te besoek. (1 × 2) (2)

4.3 4.3.1 Hou toesig oor die maatskappy en is betrokke by langtermynbeplanning, die aanstel van personeel en hantering van kliëntprobleme wat die toergidse en operateurs nie kan hanteer nie. ✓

4.3.2 Verkoop pakkettoere aan reisagente en ander tersaaklike kleinhandelaars ✓

4.3.3 Stel toerpakkette saam, doen navorsing oor nuwe plekke om te besoek en nuwe dinge om te sien ✓

4.3.4 Vergesel reisigers op begeleide toere ✓ en verstrek inligting oor besienswaardighede en bestemmings wat tydens die toer besoek word. ✓

4.3.5 Hanteer alle betalings en boekhouding om seker te maak dat die maatskappy se finansiële gesondheid goed is.

(5 × 2) (10)

4.4

KOLOM B	KOLOM C
4.4.1 Groep-inklusief	Toer word vooraf gereël. Toeris hoef nie sy of haar eie reëlings te tref nie. (Enige 2 × 1)
4.4.2 Onafhanklik inklusief	Die toeris doen wat hy/sy wil. Gaan waar en wanneer hy/sy wil. (Enige 2 × 1)
4.4.3 Begeleide individu	Gidse verskaf interessante en insigryke inligting. Toeris kan baie oor 'n plek of besienswaardigheid leer. (Enige 2 × 1)
4.4.4 Buitelandse onafhanklike	Die toeris doen wat hy/sy wil. Gaan waar en wanneer hy/sy wil. (Enige 2 × 1)
4.4.5 Inklusiewe huurtoer	Dit is eksklusief. Vervoer word nie gedeel deur ander passasiers of lede van algemene publiek buite spesifieke toergroep nie. (Enige 2 × 1)

(5 + 10) (15)

4.5 4.5.1 Suid-Afrikaans
4.5.2 Europees
4.5.3 Amerikaans
4.5.4 Europees
4.5.5 Suid-Afrikaans

(5 × 1) (5)

[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 H
5.1.2 G
5.1.3 F
5.1.4 A
5.1.5 C
5.1.6 B
5.1.7 E
5.1.8 D

(8 × 2) (16)

5.2 5.2.1
- ’n Toerreisplan is ’n kontrak tussen die toeroperateur en die kliënt.
- Elke party stem in om ’n bepaalde handeling uit te voer.
- Die toeroperateur beplan of fasiliteer die toer, en
- Die kliënt stem in om die ooreengekome prys daarvoor te betaal. (4)

5.2.2
- Hulle moes hul reisplanne verander omdat die vloede in die gebied ernstig was.
- Nóg die kliënte nóg die toeroperateur kon dit beplan/voorsien het.
- Wat gebeur het, was buite hul beheer. (3)

5.2.3
- Oorlog of bedreiging van oorlog
- Onluste
- Burgerlike onenigheid
- Terroristebedrywigheid of bedreiging van terroristebedrywigheid
- Nywerheidsgeskil
- Natuurlike of kernramp
- Brande (Enige 4 × 1) (4)

5.2.4
- Hulle kan kwaad word.
- Hulle kan alternatiewe diensverskaffers gebruik.
- Hulle kan vir andere van die swak diens vertel.
- Hulle kan ’n bespreking kanselleer.
- Hulle kan weier om te betaal. (5 × 1) (5)

5.2.5
- Wanneer ’n kliënt op ’n toer bespreek is, moet die toeroperateur bepaalde verpligtinge nakom.
- Die spesifieke verpligting sal van een toeroperateur na die volgende verskil en sal afhang van die aard van die toer.
- Die verpligtinge staan dikwels bekend as bepalings en voorwaardes.
- Daar word van kliënte verwag om ’n vorm te onderteken om te wys dat hulle die bepalings en voorwaardes aanvaar voordat hul bespreking bevestig word. (4 × 1) (4)

5.3
- Gebou se uiterlike
- Vergader- en funksielokale
- Lokale vir uitstallings en spesiale geleenthede
- Openbare toilette
- Openbare areas
- Permanente eetsaalfasiliteite
- Voedsel en drank
- Dienste en diens
- Huishouding (Enige 4 × 1) (4)

[40]

TOTAAL: **200**

Kopiereg voorbehou